REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 567 Cape Town, Kaapstad, 14 September 2012 No. 35663

## THE PRESIDENCY

No. 729 14 September 2012

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 10 of 2012: South African Police Service Amendment Act, 2012**

## DIE PRESIDENSIE

No. 729 14 September 2012

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No 10 van 2012: Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 2012**

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

__________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

---

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 13 September 2012)*

# ACT

**To amend the South African Police Service Act, 1995, in order to align the provisions relating to the Directorate for Priority Crime Investigation with a judgment of the Constitutional Court; to amend those provisions in order to ensure that the Directorate has the necessary structural and operational independence to fulfil its mandate without undue interference; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 6 of Act 68 of 1995**

**1.** Section 6 of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995) (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections, respectively:

"(1) There shall be a National Commissioner of the Service who shall be appointed in accordance with section **[216(2)*(a)*]** 207(1) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996.

(2) There shall be a Provincial Commissioner of the Service for each province who shall be appointed by the National Commissioner subject to section **[218(1)*(b)*]** 207(3) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996.".

**Amendment of section 11 of Act 68 of 1995**

**2.** Section 11 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The National Commissioner **[may exercise the powers and shall perform the duties and functions necessary to give effect to section 218(1) of the Constitution]** shall exercise control over and manage the police service in accordance with section 207(2) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996."; and

*(b)* by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"(2) Without derogating from the generality of subsection (1), the **[powers, duties and functions referred to in that subsection shall include the power, duty and function to]** National Commissioner shall—".

## ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 13 September 2012)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995, ten einde die bepalings wat verband hou met die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek in ooreenstemming te bring met 'n beslissing van die Konstitusionele Hof; daardie bepalings te wysig ten einde te verseker dat die Direktoraat die nodige strukturele en operasionele onafhanklikheid het om sy mandaat sonder onbehoorlike inmenging te vervul; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 6 van Wet 68 van 1995**

**1.** Artikel 6 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995) (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur subartikels (1) en (2) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

"(1) Daar is 'n Nasionale Kommissaris van die Diens wat ooreenkomstig artikel **[216(2)(a)]** 207(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, aangestel word.

(2) Daar is 'n Provinsiale Kommissaris van die Diens vir elke provinsie wat behoudens artikel **[218(1)(b)]** 207(3) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, deur die Nasionale Kommissaris aangestel word.".

**Wysiging van artikel 11 van Wet 68 van 1995**

**2.** Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die Nasionale Kommissaris **[kan die bevoegdhede uitoefen en verrig die pligte en werksaamhede wat nodig is om gevolg te gee aan artikel 218(1) van die Grondwet]** oefen beheer uit oor en bestuur die Diens ooreenkomstig artikel 207(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996."; en

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van subartikel (1), **[sluit die bevoegdhede, pligte en werksaamhede bedoel in daardie subartikel die bevoegdheid, plig en werksaamheid in om]** moet die Nasionale Kommissaris—

**Amendment of section 16 of Act 68 of 1995, as amended by section 2 of Act 57 of 2008**

**3.** Section 16 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(h)* of the following paragraph:

"*(h)* which a Provincial Commissioner requests the National **[Commissioner]** Head of the Directorate for Priority Crime Investigation, referred to in section 17C(2), to prevent or investigate by employing expertise and making resources available at national level and to which request the National **[Commissioner]** Head of the Directorate for Priority Crime Investigation accedes in accordance with the approved policy guidelines;";

*(b)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) In the event of a dispute between the National **[Commissioner]** Head of the Directorate for Priority Crime Investigation and the National Commissioner or the National Head for Priority Crime Investigation and a Provincial Commissioner regarding the question whether criminal conduct or endeavour thereto **[should be regarded as organised crime, crime which requires national prevention or investigation or crime which requires specialised skills in the investigation and prevention thereof]** falls within the mandate of the Directorate, the determination by the National **[Commissioner]** Head of the Directorate for Priority Crime Investigation in accordance with the approved policy guidelines, shall prevail.";

*(c)* by the substitution in subsection (4) for paragraphs *(b)* and *(c)* of the following paragraphs, respectively:

"*(b)* Where an investigation of a crime or alleged crime reveals that the circumstances referred to in subsection (2) are present, the Provincial Commissioner shall report the matter to the National **[Commissioner]** Head of the Directorate for Priority Crime Investigation as soon as possible.

*(c)* The National **[Commissioner]** Head of the Directorate for Priority Crime Investigation may, **[in]** after consultation with the Provincial Commissioner concerned, notwithstanding the presence of the circumstances referred to in subsection (2), direct that the investigation or any part thereof, be conducted by the Provincial Commissioner; and

*(d)* by the addition of the following subsection:

"(5) All members of the Service shall cooperate with one another in accordance with the principles provided for in Chapter 3 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996.".

*(a)* 'n plan voor die einde van elke boekjaar **[te]** ontwikkel waarin die prioriteite en doelwitte van polisiëring vir die daaropvolgende boekjaar uiteengesit word;

*(b)* die vaste diensstaat van die Diens en die getal en gradering van poste **[te]** bepaal;

*(c)* die verdeling van die getalsterkte van die Diens na oorleg met die raad **[te]** bepaal;

*(d)* die Diens op nasionale vlak in verskillende komponente, eenhede of groepe **[te]** organiseer of reorganiseer;

*(e)* opleidingsinrigtings of -sentrums **[in te stel]** instel en in stand **[te]** hou vir die opleiding van studente en ander lede;

*(f)* buro's, depots, kwartiere, werkswinkels of enige ander instelling van welke aard ook al **[in te stel]** instel en in stand **[te]** hou, wat nodig mag wees vir die algemene bestuur, beheer en instandhouding van die Diens; en

*(g)* namens die Diens enige regshandeling **[te]** verrig of in enige regshoedanigheid **[op te tree]** optree.".

**Wysiging van artikel 16 van Wet 68 van 1995, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 57 van 2008**

**3.** Artikel 16 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (2) paragraaf *(h)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(h)* wat die Provinsiale Kommissaris die Nasionale **[Kommissaris]** Hoof van die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek in artikel 17C(2) bedoel, versoek om te voorkom of te ondersoek deur op nasionale vlak deskundigheid aan te wend en hulpbronne beskikbaar te stel, en tot welke versoek die Nasionale **[Kommissaris]** Hoof van die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek toestem ooreenkomstig die goedgekeurde beleidsriglyne;";

*(b)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) In die geval van 'n geskil tussen die Nasionale **[Kommissaris]** Hoof van die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek en die Nasionale Kommissaris of die Nasionale Hoof vir Prioriteitsmisdaadondersoek en 'n Provinsiale Kommissaris betreffende die vraag of misdadige gedrag of beywering daartoe **[beskou moet word as georganiseerde misdaad, misdaad wat nasionale voorkoming of ondersoek vereis of misdaad waarvan die voorkoming en ondersoek deskundige vaardighede vereis]** in die mandaat van die Direktoraat is, is die beslissing van die **[Kommissaris]** Nasionale Hoof van die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek, ooreenkomstig die goedgekeurde beleidsriglyne, deurslaggewend.";

*(c)* deur in subartikel (4) paragrawe *(b)* en *(c)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(b)* Waar 'n ondersoek van 'n misdaad of beweerde misdaad aan die lig bring dat die omstandighede bedoel in subartikel (2), teenwoordig is, rapporteer die Provinsiale Kommissaris die aangeleentheid so spoedig moontlik aan die Nasionale **[Kommissaris]** Hoof van die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek.

*(c)* Ondanks die teenwoordigheid van die omstandighede in subartikel (2) bedoel, kan die Nasionale **[Kommissaris]** Hoof van die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek **[in]** na oorleg met die betrokke Provinsiale Kommissaris gelas dat die Provinsiale Kommissaris die ondersoek of enige deel daarvan behartig."; en

*(d)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(5) Alle lede van die Diens moet met mekaar saamwerk ooreenkomstig die beginsels waarvoor in Hoofstuk 3 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, voorsiening gemaak word.".

**Insertion of section 17AA in Act 68 of 1995**

**4.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 17A:

"**Applicability of this Chapter**

**17AA.** The provisions of Chapter 6A in respect of the mandate of the Directorate apply to the exclusion of any section within this Act.".

**Amendment of section 17B of Act 68 of 1995, as inserted by section 3 of Act 57 of 2008**

**5.** Section 17B of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* The need to establish a Directorate **[as a Division of]** in the Service to prevent, combat and investigate national priority offences, in particular serious organised crime, serious commercial crime and serious corruption.".

**Substitution of section 17C of Act 68 of 1995, as inserted by section 3 of Act 57 of 2008**

**6.** The following section is hereby substituted for section 17C of the principal Act:

"**Establishment and composition of Directorate for Priority Crime Investigation**

**17C.** (1) The Directorate for Priority Crime Investigation is hereby established as a **[Division of]** Directorate in the Service.

(1A) The Directorate comprises—

*(a)* the Office of the National Head of the Directorate at national level; and

*(b)* the Office of the Provincial Directorate in each province.

(2) The Directorate **[comprises]** consists of—

*(a)* the National Head of the Directorate**[,]** at national level, who shall manage and direct the Directorate and who shall be **[a Deputy National Commissioner]** appointed by the Minister in concurrence with Cabinet;

*(a*A*)* the Deputy National Head of the Directorate at national level;

*(a*B*)* the Provincial Heads of the Directorate;

*(b)* other persons appointed by the National **[Commissioner on the recommendation of the]** Head of the Directorate at national and provincial level on the basis of the required level of experience, training, skills, competence **[or]** and knowledge;

*(c)* an adequate number of legal officers appointed to the Directorate; **[and]**

*(d)* officials from any Government department or institution, seconded to the Directorate in terms of laws governing the public service; and

*(e)* administrative staff appointed to the Directorate.

(3) **[The Minister shall report to Parliament on the appointment of the Head of the Directorate]** The National Head of the Directorate shall manage and control all members of the Directorate in accordance with the provisions of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, Chapter 6A of this Act and any other applicable legislation.".

**Invoeging van artikel 17AA in Wet 68 van 1995**

**4.** Die volgende artikel word hierby na artikel 17A in die Hoofwet ingevoeg:

"**Toepasbaarheid van hierdie Hoofstuk**

**17AA.** Die bepalings van Hoofstuk 6A ten opsigte van die mandaat van die Direktoraat is van toepassing tot die uitsluiting van enige artikel in hierdie Wet.".

**Wysiging van artikel 17B van Wet 68 van 1995, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 57 van 2008**

**5.** Artikel 17B van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* Die noodsaaklikheid om 'n Direktoraat **[as 'n Afdeling van]** in die Diens in te stel om nasionale prioriteitsmisdade, in die besonder ernstige georganiseerde misdaad, ernstige kommersiële misdaad en ernstige korrupsie, te voorkom, te bekamp en te ondersoek.".

**Vervanging van artikel 17C van Wet 68 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 57 van 2008**

**6.** Artikel 17C van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Instelling en samestelling van Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek**

**17C.** (1) Die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek word hierby ingestel as 'n **[Afdeling van]** Direktoraat in die Diens.

(1A) Die Direktoraat bestaan uit—

*(a)* die Kantoor van die Nasionale Hoof van die Direktoraat op nasionale vlak; en

*(b)* die Kantoor van die Provinsiale Direktoraat in elke provinsie.

(2) Die Direktoraat **[bestaan uit]** sluit in—

*(a)* die Nasionale Hoof van die Direktoraat**[,]** op nasionale vlak, wat die Direktoraat sal bestuur en lei en wat **['n Adjunk Nasionale Kommissaris moet wees wat]** deur die Minister met die instemming van die Kabinet aangestel is;

*(aA)* die Adjunk Nasionale Hoof van die Direktoraat op nasionale vlak;

*(aB)* die provinsiale hoofde van die Direktoraat;

*(b)* ander persone deur die Nasionale **[Kommissaris aangestel op aanbeveling van die]** Hoof van die Direktoraat aangestel op nasionale en provinsiale vlak op grond van die vereiste vlak van ondervinding, opleiding, vaardighede, vermoëns **[of]** en kennis;

*(c)* 'n voldoende aantal regsbeamptes in die Direktoraat aangestel; **[en]**

*(d)* beamptes van enige Staatsdepartement of instelling, wat aan die Direktoraat gesekondeer is kragtens wetgewing wat die staatsdiens reguleer; en

*(e)* administratiewe personeel in die Direktoraat aangestel.

**[(3) Die Minister moet die aanstelling van die Hoof van die Direktoraat aan die Parlement rapporteer]** Die Nasionale Hoof van die Direktoraat bestuur en beheer alle lede van die Direktoraat ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, Hoofstuk 6A van hierdie Wet en enige ander toepaslike wetgewing.".

**Insertion of section 17CA in Act 68 of 1995**

**7.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 17C:

"**Appointment, remuneration and conditions of service**

**17CA.** (1) The Minister, with the concurrence of Cabinet, shall appoint a person who is—
*(a)* a South African citizen; and
*(b)* a fit and proper person,
with due regard to his or her experience, conscientiousness and integrity, to be entrusted with the responsibilities of the office concerned, as the National Head of the Directorate for a non-renewable fixed term of not shorter than seven years and not exceeding 10 years.

(2) The period referred to in subsection (1) is to be determined at the time of appointment.

(3) The Minister shall report to Parliament on the appointment of the National Head of the Directorate within 14 days of the appointment if Parliament is then in session or, if Parliament is not then in session, within 14 days after the commencement of its next ensuing session.

(4) The Minister in consultation with the National Head of the Directorate and with the concurrence of Cabinet, shall appoint a person who is—
*(a)* a South African citizen; and
*(b)* a fit and proper person,
with due regard to his or her experience, conscientiousness and integrity, to be entrusted with the responsibilities of the office concerned, as a Deputy National Head of the Directorate for a non-renewable fixed term of not shorter than seven years and not exceeding 10 years.

(5) The period referred to in subsection (4) is to be determined at the time of appointment.

(6) The Minister in consultation with the National Head of the Directorate and with the concurrence of Cabinet, shall appoint a person who is—
*(a)* a South African citizen; and
*(b)* a fit and proper person,
with due regard to his or her experience, conscientiousness and integrity, to be entrusted with the responsibilities of the office concerned, as a Provincial Head of the Directorate for a non-renewable fixed term of not shorter than seven years and not exceeding 10 years.

(7) The period referred to in subsection (6) is to be determined at the time of appointment.

(8) *(a)* The remuneration, allowances and other terms and conditions of service and service benefits of the National Head of the Directorate shall be determined by the Minister with the concurrence of the Minister of Finance, by notice in the *Gazette*.

*(b)* The remuneration, allowances and other terms and conditions of service and service benefits of the Deputy National Head and Provincial Heads of the Directorate shall be determined by the Minister after consultation with the National Head of the Directorate and with the concurrence of the Minister of Finance: Provided that—
(i) the salary of the National Head of the Directorate shall not be less than the salary level of the highest paid Deputy National Commissioner of the Service;
(ii) the salary of the Deputy National Head of the Directorate shall not be less than the salary level of the highest paid Divisional Commissioner; and
(iii) the salary of a Provincial Head of the Directorate shall not be less than the salary level of the highest paid Deputy Provincial Commissioner.

(9) The Minister shall submit the remuneration scale payable to the National Head, Deputy National Head and Provincial Heads of the Directorate to Parliament for approval, and such remuneration scale may not be reduced except with the concurrence of Parliament.

(10) The Deputy National Head of the Directorate shall exercise such powers and perform such functions as the National Head of the Directorate may in terms of this Act or any other law assign to him or her.

**Invoeging van artikel 17CA in Wet 68 van 1995**

**7.** Die volgende artikel word hierby na artikel 17C in die Hoofwet ingevoeg:

**"Aanstelling, besoldiging en diensvoorwaardes**

**17CA.** (1) Die Minister, met die instemming van die Kabinet, stel 'n persoon aan wat—
*(a)* 'n Suid-Afrikaanse burger is; en
*(b)* 'n geskikte en gepaste persoon is,
met behoorlike inagneming van sy of haar ervaring, pligsgetrouheid en integriteit, om met die verantwoordelikhede van die betrokke amp toevertrou te word, as die Nasionale Hoof van die Direktoraat vir 'n nieherhaalbare vaste termyn van minstens sewe jaar en hoogstens 10 jaar.

(2) Die tydperk in subartikel (1) bedoel moet ten tyde van die aanstelling vasgestel word.

(3) Die Minister moet die aanstelling van die Nasionale Hoof van die Direktoraat aan die Parlement rapporteer binne 14 dae vanaf die aanstelling indien die Parlement dan in sessie is of, indien die Parlement nie dan in sessie is nie, binne 14 dae na die aanvang van die eersvolgende sessie.

(4) Die Minister, in oorleg met die Nasionale Hoof van die Direktoraat en met die instemming van die Kabinet, stel 'n persoon aan wat—
*(a)* 'n Suid-Afrikaanse burger is; en
*(b)* 'n geskikte en gepaste persoon is,
met behoorlike inagneming van sy of haar ervaring, pligsgetrouheid en integriteit, om met die verantwoordelikhede van die betrokke amp toevertrou te word, as 'n Adjunk Nasionale Hoof van die Direktoraat vir 'n nieherhaalbare vaste termyn van minstens sewe jaar en hoogstens 10 jaar.

(5) Die tydperk in subartikel (4) bedoel moet ten tyde van die aanstelling bepaal word.

(6) Die Minister, in oorleg met die Nasionale Hoof van die Direktoraat en met die instemming van die Kabinet, stel 'n persoon aan wat—
*(a)* 'n Suid-Afrikaanse burger is; en
*(b)* 'n geskikte en gepaste persoon is,
met behoorlike inagneming van sy of haar ervaring, pligsgetrouheid en integriteit, om met die verantwoordelikhede van die betrokke kantoor toevertrou te word, as 'n Provinsiale Hoof van die Direktoraat vir 'n nieherhaalbare vaste termyn van minstens sewe jaar en hoogstens 10 jaar.

(7) Die tydperk in subartikel (6) bedoel moet ten tyde van die aanstelling vasgestel word.

(8) *(a)* Die besoldiging, toelaes en ander bedinge en voorwaardes van diens en diensvoordele van die Nasionale Hoof van die Direktoraat word met die instemming van die Minister van Finansies deur die Minister bepaal, by kennisgewing in die *Staatskoerant.*

*(b)* Die besoldiging, toelaes en ander bedinge en voorwaardes van diens en diensvoordele van die Adjunk Nasionale Hoof en Provinsiale Hoofde van die Direktoraat word deur die Minister bepaal na oorleg met die Nasionale Hoof van die Direktoraat en met die instemming van Minister van Finansies: Met dien verstande dat—
(i) die salaris van die Nasionale Hoof nie minder is nie as die salarisvlak van die hoogsbetaalde Adjunk Nasionale Kommissaris van die Diens;
(ii) die salaris van die Adjunk Nasionale Hoof nie minder is nie as die salarisvlak van die hoogsbetaalde Afdelingskommissaris; en
(iii) die salaris van 'n Provinsiale Hoof van die Direktoraat nie minder is nie as die salarisvlak van die hoogsbetaalde Adjunk Provinsiale Kommissaris.

(9) Die Minister moet die besoldigingskaal betaalbaar aan die Nasionale Hoof, Adjunk Nasionale Hoof en provinsiale hoofde van die Direktoraat aan die Parlement voorlê vir goedkeuring, en sodanige besoldigingskaal mag nie verminder word nie, tensy die Parlement daartoe instem.

(10) Die Adjunk Nasionale Hoof van die Direktoraat oefen sodanige bevoegdhede uit en verrig sodanige werksaamhede as wat die Nasionale Hoof van die Direktoraat ingevolge hierdie of enige ander wet aan hom of haar kan toewys.

(11) A Provincial Head of the Directorate shall exercise such powers or perform such functions as the National Head of the Directorate may, in terms of this Act, or any other law assign to him or her.

(12) *(a)* Whenever the National Head of the Directorate is absent or unable to perform his or her functions, the Minister shall appoint the Deputy National Head of the Directorate as the acting National Head of the Directorate.

*(b)* Whenever the office of the National Head of the Directorate is vacant, or the National Head of the Directorate is for any reason unable to take up the appointment contemplated in subsection (1), the Minister shall appoint the Deputy National Head of the Directorate as the acting National Head of the Directorate.

*(c)* If both the National Head of the Directorate and the Deputy National Head of the Directorate are absent, the Minister shall appoint a suitably qualified and experienced person as the acting National Head of the Directorate.

*(d)* Whenever the Deputy National Head of the Directorate is absent or unable to perform his or her functions, the National Head of the Directorate shall appoint a suitably qualified and experienced person as the acting Deputy National Head of the Directorate.

*(e)* Whenever the office of the Deputy National Head of the Directorate is vacant the Head of the Directorate shall appoint a suitably qualified person as the Acting Deputy National Head of the Directorate.

(13) In the event of a vacancy in the office of the National Head of the Directorate, the Deputy National Head of the Directorate or a Provincial Head of the Directorate, such vacancy shall be filled in terms of this section within six months from the date when such vacancy arose.

(14) If the National Head or Deputy National Head of the Directorate, as may be applicable, attains the age of 60 years after the first day of any month, he or she shall be deemed to have attained that age on the first day of the next succeeding month.

(15) The Minister shall with the consent of the National Head or Deputy National Head of the Directorate, retain the National Head, or the Deputy National Head of the Directorate, as may be applicable, in his or her office beyond the age of 60 years for such period which shall not—

*(a)* exceed the period determined in section 17(CA); and

*(b)* exceed two years, except with the approval of Parliament granted by resolution.

(16) The National Head or Deputy National Head of the Directorate may only be retained as contemplated in subsection (15) if—

*(a)* he or she wishes to continue to serve in such office; and

*(b)* the mental and physical health of the person concerned enables him or her so to continue.

(17) The Minister shall make regulations under section 24 of this Act and if such regulations or any amendment thereto affect the Directorate, the regulations shall be submitted to Parliament for approval—

*(a)* at least one month before promulgation, if Parliament is in session; or

*(b)* if Parliament is not in session, within one month after the next ensuing session.

(18) The regulations referred to in section 17G of this Act shall be submitted to Parliament for approval.

(19) Any disciplinary action against a Deputy National Head, Provincial Head, member or employee in the service of the Directorate, as may be applicable, shall be considered and finalised within the Directorate's structures subject to the relevant prescripts.

(11) 'n Provinsiale Hoof van die Direktoraat oefen sodanige bevoegdhede uit of verrig sodanige werksaamhede wat die Nasionale Hoof van die Direktoraat ingevolge hierdie of enige ander wet aan hom of haar kan toewys.

(12) *(a)* Wanneer die Nasionale Hoof van die Direktoraat afwesig is of nie in staat is om sy of haar werksaamhede te verrig nie, stel die Minister die Adjunk Nasionale Hoof aan as waarnemende Nasionale Hoof van die Direktoraat.

*(b)* Wanneer die amp van die Nasionale Hoof van die Direktoraat vakant is, of die Nasionale Hoof van die Direktoraat om enige rede nie die aanstelling in subartikel (1) beoog kan aanneem nie, stel die Minister die Adjunk Nasionale Hoof aan as waarnemende Hoof van die Direktoraat.

*(c)* Indien beide die Nasionale Hoof en die Adjunk Nasionale Hoof van die Direktoraat afwesig is, stel die Minister 'n persoon met gepaste kwalifikasies en ervaring aan as waarnemende Nasionale Hoof van die Direktoraat.

*(d)* Wanneer die Adjunk Nasionale Hoof van die Direktoraat afwesig is of nie sy of haar werksaamhede kan verrig nie, stel die Nasionale Hoof van die Direktoraat 'n persoon met gepaste kwalifikasies en ervaring aan as waarnemende Adjunk Nasionale Hoof van die Direktoraat.

*(e)* Wanneer die amp van die Adjunk Nasionale Hoof van die Direktoraat vakant is, stel die Nasionale Hoof van die Direktoraat 'n gepaste en gekwalifiseerde persoon aan as waarnemende Adjunk Nasionale Hoof van die Direktoraat.

(13) In die geval van 'n vakature in die amp van die Nasionale Hoof van die Direktoraat, die Adjunk Nasionale Hoof van die Direktoraat of 'n Provinsiale Hoof van die Direktoraat, word sodanige vakature ingevolge hierdie artikel gevul binne ses maande vanaf die datum waarop sodanige vakature ontstaan het.

(14) Indien die Nasionale Hoof of Adjunk Nasionale Hoof van die Direktoraat, soos van toepassing, die ouderdom van 60 bereik na die eerste dag van 'n maand, word hy of sy geag dit te bereik het op die eerste dag van die eersvolgende maand.

(15) Die Minister, met die instemming van die Nasionale Hoof of Adjunk Nasionale Hoof van die Direktoraat, behou die Nasionale Hoof, of die Adjunk Nasionale Hoof van die Direktoraat, soos van toepassing, in sy of haar amp na die ouderdom van 60 vir sodanige tydperk wat nie—

*(a)* die tydperk in artikel 17(CA) bepaal oorskry nie; en

*(b)* twee jaar oorskry nie, buiten met die goedkeuring toegestaan by besluit van die Parlement.

(16) Die Nasionale Hoof of Adjunk Nasionale Hoof van die Direktoraat kan slegs behou word soos in subartikel (15) beoog indien—

*(a)* hy of sy wil voortgaan om sodanige amp te beklee; en

*(b)* die verstandelike en fisieke gesondheid van die betrokke persoon hom of haar in staat stel om aldus voort te gaan.

(17) Die Minister moet regulasies uitvaardig kragtens artikel 24 van hierdie Wet en indien sodanige regulasies of enige wysiging daarvan die Direktoraat raak, moet die regulasies aan die Parlement voorgelê word vir goedkeuring—

*(a)* ten minste een maand voor uitvaardiging, indien die Parlement in sessie is; of

*(b)* indien die Parlement nie in sessie is nie, binne een maand na die aanvang van die eersvolgende sessie.

(18) Die regulasies in artikel 17G van hierdie Wet bedoel moet vir goedkeuring aan die Parlement voorgelê word.

(19) Enige dissiplinêre aksie teen 'n Adjunk Nasionale Hoof, Provinsiale Hoof, lid of werknemer in diens van die Direktoraat, soos van toepassing, word oorweeg en afgehandel binne die Direktoraat se strukture behoudens die toepaslike voorskrifte.

(20) No Deputy National Head of the Directorate, Provincial Head of the Directorate, member or administrative staff of the Directorate may be—
*(a)* transferred; or
*(b)* dismissed,
from the Directorate, except after approval by the National Head of the Directorate.

(21) The National Commissioner may only in consultation with the National Head of the Directorate involve members of the Directorate in national joint operations and in circumstances that would be of assistance to the Directorate in the execution of its mandate and functions in terms of this Act.

(22) The National Head of the Directorate shall not be involved in management functions of the Service, except as required in terms of Chapter 6A of this Act and shall be accountable to the Minister.".

**Amendment of section 17D of Act 68 of 1995, as inserted by section 3 of Act 57 of 2008**

**8.** Section 17D of the principal Act is hereby amended—
*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:
"*(a)* national priority offences, which in the opinion of the National Head of the Directorate need to be addressed by the Directorate, subject to any policy guidelines issued by the **[Ministerial Committee]** Minister and approved by Parliament; **[and]**";
*(b)* by the insertion in subsection (1) of the following paragraph after paragraph *(a)*:
"*(aA)* selected offences not limited to offences referred to in Chapter 2 and section 34 of the Prevention and Combating of Corrupt Activities Act, 2004 ( Act No. 12 of 2004); and;";
*(c)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraph:
"*(b)* any other offence or category of offences referred to it from time to time by the National Commissioner, subject to any policy guidelines issued by the **[Ministerial Committee]** Minister and approved by Parliament."; and
*(d)* by the insertion of the following subsection after subsection (1):
"(1A) The National Head of the Directorate shall ensure that the Directorate observe the policy guidelines referred to in subsection (1)."; and
*(e)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:
"(3) The National Head of the Directorate may, if he or she has reason to suspect that a national priority offence has or is being committed, request the National Director of Public Prosecutions to designate a Director of Public Prosecutions to exercise the powers of section 28 of the National Prosecuting Authority Act, 1998 (Act No. 32 of 1998).".

**Insertion of sections 17DA and 17DB in Act 68 of 1995**

**9.** The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 17D:

"**Removal from office of National Head of Directorate**

**17DA.** (1) The National Head of the Directorate shall not be suspended or removed from office except in accordance with the provisions of subsections (2), (3) and (4).

(2) *(a)* The Minister may provisionally suspend the National Head of the Directorate from his or her office, pending an inquiry into his or her fitness to hold such office as the Minister deems fit and, subject to the provisions of this subsection, may thereupon remove him or her from office—
(i) for misconduct;
(ii) on account of continued ill-health;

(20) Geen Adjunk Nasionale Hoof van die Direktoraat, Provinsiale Hoof van die Direktoraat, lid of administratiewe personeel van die Direktoraat mag—
*(a)* oorgeplaas; of
*(b)* afgedank,
word uit die Direktoraat nie, buiten na goedkeuring deur die Nasionale Hoof van die Direktoraat.

(21) Die Nasionale Kommissaris kan slegs in oorleg met die Nasionale Hoof van die Direktoraat, lede van die Direktoraat betrek by nasionale gesamentlike operasies en in omstandighede waar dit die Direktoraat tot bystand sal wees in die uitvoer van sy mandaat en werksaamhede ingevolge hierdie Wet.

(22) Die Nasionale Hoof van die Direktoraat is nie betrokke by bestuurswerksaamhede van die Diens nie, buiten soos vereis ingevolge Hoofstuk 6A van hierdie Wet en is teenoor die Minister aanspreeklik.".

**Wysiging van artikel 17D van Wet 68 van 1995, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 57 van 2008**

**8.** Artikel 17D van die Hoofwet word hierby gewysig—
*(a)* deur paragraaf *(a)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
"*(a)* nasionale prioriteitsmisdade, wat na die mening van die Nasionale Hoof van die Direktoraat deur die Direktoraat mee gehandel moet word, onderhewig aan enige beleidsriglyne deur die **[Ministeriële Komitee]** Minister uitgereik en deur die Parlement goedgekeur; **[en]**";
*(b)* deur in subartikel (1) die volgende paragraaf na paragraaf *(a)* in te voeg:
"*(a*A*)* gekose misdade nie beperk tot misdade in Hoofstuk 2 en artikel 34 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), nie; en;";
*(c)* deur paragraaf *(b)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
"*(b)* enige ander misdaad of kategorie van misdade wat van tyd tot tyd deur die Nasionale Kommissaris na die Direktoraat verwys word, onderhewig aan enige beleidsriglyne deur die **[Ministeriële Komitee]** Minister uitgereik en deur die Parlement goedgekeur.";
*(d)* deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:
"(1A) Die Nasionale Hoof van die Direktoraat moet verseker dat die Direktoraat die beleidsriglyne in subartikel (1) bedoel nakom."; en
*(e)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
"(3) Die Nasionale Hoof van die Direktoraat kan, indien hy of sy rede het om te vermoed dat 'n nasionale prioriteitsmisdaad gepleeg is of gepleeg word, die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings versoek om 'n Direkteur van Openbare Vervolgings aan te wys om die bevoegdhede van artikel 28 van die Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag, 1998 (Wet No. 32 van 1998), uit te oefen.".

**Invoeging van artikels 17DA en 17DB in Wet 68 van 1995**

**9.** Die volgende artikels word hierby na artikel 17D in die Hoofwet ingevoeg:

**"Verwydering uit amp van Nasionale Hoof van Direktoraat**

**17DA.** (1) Die Nasionale Hoof van die Direktoraat word nie geskors of uit die amp verwyder nie, buiten ooreenkomstig die bepalings van subartikels (2), (3) en (4).

(2) *(a)* Die Minister kan die Nasionale Hoof van die Direktoraat voorlopig uit sy of haar amp skors, hangende 'n ondersoek na sy of haar geskiktheid om sodanige amp te beklee wat die Minister dienstig ag en, behoudens die bepalings van hierdie subartikel, hom of haar daarna uit die amp verwyder—
(i) vir wangedrag;
(ii) weens voortdurende swak gesondheid;

(iii) on account of incapacity to carry out his or her duties of office efficiently; or
(iv) on account thereof that he or she is no longer a fit and proper person to hold the office concerned.

*(b)* The removal of the National Head of the Directorate, the reason therefor and the representations of the National Head of the Directorate, if any, shall be communicated in writing to Parliament within 14 days after such removal if Parliament is then in session or, if Parliament is not then in session, within 14 days after the commencement of its next ensuing session.

*(c)* The National Head of the Directorate provisionally suspended from office shall during the period of such suspension be entitled to such salary, allowance, privilege or benefit to which he or she is otherwise entitled, unless the Minister determines otherwise.

*(d)* An inquiry referred to in this subsection—
(i) shall perform its functions subject to the provisions of the Promotion of Administrative Justice Act, 2000 (Act No. 3 of 2000), in particular to ensure procedurally fair administrative action; and
(ii) shall be led by a judge or retired judge: Provided that the Minister shall make the appointment after consultation with the Minister of Justice and Constitutional Development and the Chief Justice.

*(e)* The National Head of the Directorate shall be informed of any allegations against him or her and shall be granted an opportunity to make submissions to the inquiry upon being informed of such allegations.

(3) *(a)* The National Head of the Directorate may be removed from office on the ground of misconduct, incapacity or incompetence on a finding to that effect by a Committee of the National Assembly.

*(b)* The adoption by the National Assembly of a resolution calling for that person's removal from office.

(4) A resolution of the National Assembly concerning the removal from office of the National Head of the Directorate shall be adopted with a supporting vote of at least two thirds of the members of the National Assembly.

(5) The Minister—
*(a)* may suspend the National Head of the Directorate from office at any time after the start of the proceedings of a Committee of the National Assembly for the removal of that person; and
*(b)* shall remove the National Head of the Directorate from office upon adoption by the National Assembly of the resolution calling for the National Head of the Directorate's removal.

(6) The Minister may allow the National Head of the Directorate, at his or her request, to vacate his or her office—
*(a)* on account of continued ill-health; or
*(b)* for any other reason which the Minister deems sufficient.

(7) The request in terms of subsection (6) shall be addressed to the Minister at least six calendar months prior to the date on which the National Head of the Directorate wishes to vacate his or her office, unless the Minister grants a shorter period in a specific case.

**Staff of Directorate**

**17DB.** The National Head of the Directorate shall—
*(a)* determine the fixed establishment of the Directorate and the number and grading of posts, in consultation with the Minister and the Minister for the Public Service and Administration; and
*(b)* appoint the staff of the Directorate: Provided that where a member of the Service is appointed to the Directorate, the National Head of the Directorate shall do so after consultation with the National Commissioner.".

(iii) weens onbevoegdheid om sy of haar ampspligte op 'n bekwame wyse na te kom; of

(iv) omdat hy of sy nie meer 'n geskikte en gepaste persoon is om die betrokke amp te beklee nie.

*(b)* Die verwydering van die Nasionale Hoof van die Direktoraat, die rede daarvoor en die vertoë van die Nasionale Hoof van die Direktoraat, indien enige, word skriftelik aan die Parlement gekommunikeer binne 14 dae na sodanige verwydering indien die Parlement dan in sessie is of, indien die Parlement nie dan in sessie is nie, binne 14 dae na die aanvang van die Parlement se eersvolgende sessie.

*(c)* Die Nasionale Hoof van die Direktoraat wat voorlopig uit die amp geskors is, is vir die tydperk van die skorsing geregtig op sodanige salaris, toelaag, voorreg of voordeel waarop hy of sy andersins geregtig is, tensy die Minister anders bepaal.

*(d)* 'n Ondersoek in hierdie subartikel bedoel—

(i) verrig sy funksies behoudens die bepalings van die "Promotion of Administrative Justice Act, 2000" (Wet No. 3 van 2000), in die besonder om prosedureel regverdige administratiewe aksie te verseker; en

(ii) word deur 'n regter of 'n afgetrede regter gelei: Met dien verstande dat die Minister die aanstelling maak na oorleg met die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling en die Hoofregter.

*(e)* Die Nasionale Hoof van die Direktoraat word ingelig van enige bewerings teen hom of haar en word die geleentheid gegun om vertoë tot die ondersoek te rig wanneer hy of sy oor sodanige bewerings ingelig word.

(3) *(a)* Die Nasionale Hoof van die Direktoraat kan uit die amp verwyder word op grond van wangedrag, ongeskiktheid of onbevoegdheid by 'n bevinding te dien effekte deur 'n Komitee van die Nasionale Vergadering.

*(b)* Die aanvaarding deur die Nasionale Vergadering van 'n resolusie wat op daardie persoon se verwydering uit die amp aandring.

(4) 'n Resolusie van die Nasionale Vergadering betreffende die verwydering uit amp van die Nasionale Hoof van die Direktoraat word aanvaar met 'n ondersteunende stem van ten minste twee derdes van die lede van die Nasionale Vergadering.

(5) Die Minister—

*(a)* kan die Nasionale Hoof van die Direktoraat uit die amp skors te enige tyd na die begin van die verrigtinge van 'n Komitee van die Nasionale Vergadering vir die verwydering van daardie persoon; en

*(b)* verwyder die Nasionale Hoof van die Direktoraat uit die amp by aanvaarding deur die Nasionale Vergadering van die resolusie wat op die verwydering van die Nasionale Hoof van die Direktoraat aandring.

(6) Die Minister kan die Nasionale Hoof van die Direktoraat, op sy of haar versoek, toelaat om sy of haar amp te ontruim—

*(a)* weens voortgesette swak gesondheid; of

*(b)* om enige ander rede wat die Minister voldoende ag.

(7) Die versoek ingevolge subartikel (6) moet aan die Minister gerig word ten minste ses kalendermaande voor die datum waarop die Nasionale Hoof van die Direktoraat sy of haar amp wil ontruim, tensy die Minister in 'n bepaalde geval 'n korter tydperk toelaat.

**Personeel van Direktoraat**

**17DB.** Die Nasionale Hoof van die Direktoraat moet—

*(a)* die vaste diensstaat van die Direktoraat en die getal en gradering van poste bepaal, in oorleg met die Minister en die Minister vir die Staatsdiens en Administrasie; en

*(b)* die personeel van die Direktoraat aanstel: Met dien verstande dat waar 'n lid van die Diens in die Direktoraat aangestel word, die Nasionale Hoof van die Direktoraat dit doen na oorleg met die Nasionale Kommissaris.".

**Amendment of section 17E of Act 68 of 1995, as inserted by section 3 of Act 57 of 2008**

**10.** Section 17E of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (2) for paragraphs *(a)* and *(c)* of the following paragraphs, respectively:

"*(a)* a security clearance has been issued to that person in terms of section 2A(6) of the National Strategic Intelligence Act, 1994 (Act No. 39 of 1994), by **[the Head of the Crime Intelligence Division of the Service]** any Intelligence Structure referred to in that Act as may from time to time be determined by the Minister;

*(c)* a temporary security clearance has been issued by **[the Head of the Crime Intelligence Division of the Service]** any Intelligence Structure referred to in the National Strategic Intelligence Act, 1994, determined by the Minister after the person had submitted an application to **[the Head of the Crime Intelligence Division]** such Intelligence Structure to have a security screening investigation conducted.";

*(b)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) Whenever the **[Head of the Crime Intelligence Division of the Service]** head of the Intelligence Structure referred to in subsection (2)*(a)* and *(c)* acting in terms of section 2A(6) of the National Strategic Intelligence Act, 1994, upon reasonable grounds, degrades, withdraws or refuses a security clearance, of a member of the Directorate, the National Commissioner may on request of the National Head of the Directorate transfer such person from the Directorate, or if such person cannot be redeployed elsewhere in the Service, discharge him or her, subject to the provisions of section 34."; and

*(c)* by the addition of the following subsections:

"(9) *(a)* A member of the Directorate shall serve impartially and exercise his or her powers or perform his or her functions in good faith.

*(b)* Subject to the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, and this Act, no organ of state and no member or employee of an organ of state nor any other person shall improperly interfere with, hinder or obstruct a member of the Directorate, in the exercise, carrying out or performance of his or her powers, duties and functions.

(10) The National Head of the Directorate, the Deputy National Head of the Directorate and any person seconded to or employed in the Directorate, shall before commencing with their functions in terms of this Act, take an oath or make an affirmation, which shall be subscribed by them, in the form set out below:

'I ______________________________

(full name)

do hereby swear/solemnly affirm that I will in my capacity as National Head of the Directorate/Deputy National Head of the Directorate/ member of the Directorate/ employee at the Directorate/being seconded to the Directorate uphold and protect the Constitution and the fundamental rights entrenched therein and enforce the Law of the Republic without fear, favour or prejudice and, as the circumstances of any particular case may require, in accordance with the Constitution and the Law. (In the case of an oath: So help me God.)'.

(11) Without derogating from the provisions of section 67 of this Act, any person, including any member of the Service, who resists or wilfully hinders or obstructs or unduly influences the National Head, Deputy National Head, Provincial Head or any member of the Directorate in the exercising of his or her functions shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding two years.".

**Wysiging van artikel 17E van Wet 68 van 1995, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 57 van 2008**

**10.** Artikel 17E van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (2) paragrawe *(a)* en *(c)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(a)* 'n sekerheidsklaring aan daardie persoon kragtens artikel 2A(6) van die Wet op Nasionale Strategiese Intelligensie, 1994 (Wet No. 39 van 1994), deur **[die Hoof van die Misdaadintelligensie-afdeling van die Diens]** enige Intelligensiestruktuur in daardie Wet bedoel soos die Minister van tyd tot tyd kan bepaal uitgereik is;

*(c)* 'n tydelike sekerheidsklaring uitgereik is deur **[die Hoof van die Misdaadintelligensie-afdeling van die Diens]** enige Intelligensiestruktuur bedoel in die Wet op Nasionale Strategiese Intelligensie, 1994 (Wet No. 39 van 1994), deur die Minister bepaal nadat die persoon 'n aansoek by **[die Hoof van die Misdaadintelligensie-afdeling]** sodanige Intelligensiestruktuur ingedien het om 'n sekerheidsklaringsondersoek.";

*(b)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Indien die **[Hoof van die Misdaadintelligensie-afdeling van die Diens]** hoof van die Intelligensiestruktuur in subartikel (2)*(a)* en *(c)* bedoel in 'n handeling kragtens artikel 2A(6) van die Wet op Nasionale Strategiese Intelligensie, 1994, op redelike gronde 'n sekerheidsklaring, van 'n lid van die Direktoraat, afgradeer, terugtrek of weier, mag die Nasionale Kommissaris op versoek van die Nasionale Hoof van die Direktoraat sodanige persoon vanaf die Direktoraat oorplaas, of, indien sodanige persoon nie elders in die Diens aangewend kan word nie, hom of haar ontslaan, onderhewig aan die bepalings van artikel 34."; en

*(c)* deur die volgende subartikels by te voeg:

"(9) *(a)* 'n Lid van die Direktoraat moet onpartydig dien en in goeie trou sy of haar bevoegdhede uitoefen of sy of haar werksaamhede verrig.

*(b)* Behoudens die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en hierdie Wet, mag geen staatsorgaan en geen lid of werknemer van 'n staatsorgaan of enige ander persoon op 'n onbehoorlike wyse inmeng met 'n lid van die Direktoraat by die uitoefening, uitvoering of verrigting van daardie lid se pligte en funksies nie, of hom of haar daarin pla of belemmer nie.

(10) Die Nasionale Hoof van die Direktoraat, die Adjunk Nasionale Hoof van die Direktoraat en 'n persoon wat aan die Direktoraat gesekondeer is of daar in diens geneem is, moet voor die aanvang van hul werksaamhede ingevolge hierdie Wet, 'n eed of verklaring aflê, wat deur hulle onderskryf moet word, in die vorm hieronder uiteengesit:

'Ek ____________________________________________

(volle naam)

sweer/verklaar plegtig dat ek in my hoedanigheid as Nasionale Hoof van die Direktoraat/Adjunk Nasionale Hoof van die Direktoraat/lid van die Direktoraat/werknemer by die direktoraat/gesekondeerde aan die Direktoraat die Grondwet en die basiese regte daarin verskans sal beskerm en die Wet van die Republiek sonder vrees, guns of vooroordeel sal toepas, soos vereis deur die omstandighede in enige bepaalde geval, ooreenkomstig die Grondwet en die Wet. (In die geval van 'n eed: So help my God.)'.

(11) Sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van artikel 67 van hierdie Wet, is enige persoon, met inbegrip van 'n lid van die Diens, wat die Nasionale Hoof, Adjunk Nasionale Hoof, Provinsiale Hoof of enige lid van die Direktoraat teenstaan of opsetlik belemmer of onbehoorlik beïnvloed in die verrigting van sy of haar werksaamhede is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.".

**Amendment of section 17F of Act 68 of 1995, as inserted by section 3 of Act 57 of 2008**

**11.** Section 17F of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The National **[Commissioner]** Head of the Directorate **[shall]** may request the secondment of personnel from any other Government department or institution, whenever **[the Head of the Directorate requests such secondment]** he or she deems it necessary for the effective performance of the functions of the Directorate.";

*(b)* by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) The Director-General of the Government department or Head of the relevant Government institution, referred to in subsection (2), shall upon request by the National **[Commissioner]** Head of the Directorate, identify suitable personnel to be seconded to the Directorate upon such terms and conditions as may be agreed upon between the National **[Commissioner]** Head of the Directorate and the Director-General of the department or Head of the Government institution concerned.";

*(c)* by the insertion of the following subsection:

"(6A) The Head of the Crime Intelligence Division of the Service shall upon a request of the National Head of the Directorate make available crime intelligence capacity to assist the Directorate in a specific investigation."; and

*(d)* by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

"(7) *(a)* If the National **[Commissioner]** Head of the Directorate so requests, any person seconded in terms of subsection (3) shall retain the powers, duties and functions endowed by any law governing the powers, duties and functions of that department or institution, and that person may exercise such powers, duties and functions under the command of the National Head of the Directorate or his or her delegate, but subject to such conditions as may be determined by the Head of the seconding Government department or institution.

*(b)* A person seconded under paragraph *(a)* shall in the performance of his or her functions act in terms of the laws applicable to the Government department or institution from which he or she is seconded, subject to such conditions as may be agreed upon by the National **[Commissioner]** Head of the Directorate and the Director-General of the Government Department or Head of the Government institution.".

**Substitution of section 17H of Act 68 of 1995, as inserted by section 3 of Act 57 of 2008**

**12.** The following section is hereby substituted for section 17H of the principal Act:

"**Finances and financial accountability**

**17H.** (1) The expenses incurred in connection with—

*(a)* the exercise of the powers, the carrying out of the duties and the performance of the functions of the Directorate; and

*(b)* the remuneration and other conditions of service of members of the Directorate,

shall be defrayed from monies appropriated by Parliament for this purpose to the departmental vote in terms of the Public Finance Management Act,1999 (Act No.1 of 1999).

(2) In order to give effect to subsection (5), the National Head of the Directorate shall prepare and provide the National Commissioner with the necessary estimate of revenue and expenditure of the Directorate for incorporation on the estimate and expenditure of the Service.

**Wysiging van artikel 17F van Wet 68 van 1995, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 57 van 2008**

**11.** Artikel 17F van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Nasionale **[Kommissaris moet]** Hoof van die Direktoraat kan die sekondering van personeel van enige ander Staatsdepartement of -instelling versoek wanneer **[die Hoof van die Direktoraat sodanige sekondering versoek]** hy of sy dit nodig ag vir die doeltreffende verrigting van die werksaamhede van die Direktoraat.";

*(b)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) Die Direkteur-generaal van die Staatsdepartement of Hoof van die relevante Staatsinstelling bedoel in subartikel (2) moet, op versoek van die Nasionale **[Kommissaris]** Hoof van die Direktoraat, geskikte personeel identifiseer wat aan die Direktoraat gesekondeer kan word op sodanige terme en voorwaardes waarop ooreengekom mag word tussen die Nasionale **[Kommissaris]** Hoof van die Direktoraat en die Direkteur-generaal van die departement of Hoof van die Staatsinstelling betrokke.";

*(c)* deur die volgende subartikel in te voeg:

"(6A) Die Hoof van die Misdaadintelligensie-afdeling van die Diens moet op versoek van die Nasionale Hoof van die Direktoraat misdaadintelligensiekapasiteit beskikbaar stel om die Direktoraat in 'n bepaalde ondersoek by te staan."; en

*(d)* deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

"(7) *(a)* Indien die Nasionale **[Kommissaris]** Hoof van die Direktoraat aldus versoek, behou enige persoon wat kragtens subartikel (3) gesekondeer word die bevoegdhede, pligte en werksaamhede opgelê deur enige wet wat die bevoegdhede, pligte en werksaamhede van daardie departement of instelling reël, en daardie persoon mag sodanige bevoegdhede, pligte en werksaamhede onder die bevel van die Nasionale Hoof van die Direktoraat of sy of haar gedelegeerde uitoefen, maar onderworpe aan sodanige voorwaardes soos bepaal mag word deur die Hoof van die sekonderende Staatsdepartement of -instelling.

*(b)* 'n Persoon wat kragtens paragraaf *(a)* gesekondeer word, tree in die uitvoering van sy of haar werksaamhede op ingevolge die wetgewing wat van toepassing is op die Staatsdepartement of -instelling vanwaar hy of sy gesekondeer word, onderhewig aan sodanige voorwaardes soos waarop ooreengekom mag word deur die Nasionale **[Kommissaris]** Hoof van die Direktoraat en die Direkteur-generaal van die Staatsdepartement of Hoof van die Staatsinstelling.".

**Vervanging van artikel 17H van Wet 68 van 1995, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 57 van 2008**

**12.** Artikel 17H van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Finansies en finansiële rekenpligtigheid**

**17H.** (1) Die uitgawes aangegaan in verband met—

*(a)* die uitoefening van die bevoegdhede, die uitvoer van die pligte en die verrigting van die werksaamhede van die Direktoraat; en

*(b)* die besoldiging en ander diensvoorwaardes van lede van die Direktoraat,

word verhaal van gelde vir hierdie doel deur die Parlement aan die departementele begrotingspos bewillig ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999).

(2) Ten einde aan subartikel (5) uitvoering te gee, moet die Nasionale Hoof van die Direktoraat die nodige begroting van inkomste en uitgawe van die Direktoraat voorberei en dit aan die Nasionale Kommissaris voorsien vir insluiting in die begroting en uitgawe van die Diens.

(3) Whenever the National Commissioner and the National Head of the Directorate are unable to agree on estimate of revenue and expenditure of the Directorate, the Minister shall mediate between the parties.

(4) The National Commissioner, as the accounting officer of the Service, shall, subject to the Public Finance Management Act, 1999 (Act No.1 of 1999), and subsection (2)—

*(a)* be charged with the responsibility of accounting for State monies received or paid out for or on account of the Directorate;

*(b)* involve the National Head of the Directorate in all consultations relating to the estimate of revenue and expenditure of the Directorate including any consultations with the National Treasury relating to the revenue and expenditure of the Directorate;

*(c)* cause the necessary accounting and other records to be kept; and

*(d)* ensure that the annual report on the performance of the Directorate is included as a distinct programme in the annual report of the Service.

(5) Monies appropriated by Parliament for the purpose envisaged in subsection (1)—

*(a)* shall be regarded as specifically and exclusively appropriated for that purpose; and

*(b)* may only be utilised for that purpose.

(6) The National Head of the Directorate shall have control over the monies appropriated by Parliament envisaged in subsection (1) in respect of the expenses of the Directorate.".

**Amendment of section 17I of Act 68 of 1995, as inserted by section 3 of Act 57 of 2008**

**13.** Section 17I of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (1), (2) and (3) of the following subsections, respectively:

"(1) The President shall for purposes of subsections (2) and (3) designate a Ministerial Committee which shall include—

*(a)* at least the Ministers **[for]** of—

(i) **[Safety and Security]** Police;

(ii) Finance;

(iii) Home Affairs;

(iv) **[Intelligence]** State Security; and

(v) Justice and Constitutional Development; **[as well as]**

*(b)* any other Minister designated from time to time by the President.

(2) The Ministerial Committee may determine**[—**

***(a)* policy guidelines in respect of the functioning of the Directorate;**

***(b)* policy guidelines for the selection of national priority offences by the Head of the Directorate in terms of section 17D(1)*(a)*;**

***(c)* policy guidelines for the referral to the Directorate by the National Commissioner of any offence or category of offences for investigation by the Directorate in terms of section 17D(1)*(b)*;**

***(d)*]** procedures to coordinate the activities of the Directorate and other relevant Government departments or institutions.

(3) *(a)* The Ministerial Committee **[shall oversee the functioning of the Directorate and]** shall meet as regularly as necessary **[, but not less than four times annually]** and shall report to Parliament on its activities as part of the annual report of the Directorate.

*(aA)* The Ministerial Committee shall at any time, upon being requested to do so, report to Parliament.

**[*(b)* The National Commissioner and the Head of the Directorate shall, upon request of the Ministerial Committee, provide performance and implementation reports to the Ministerial Committee.]**".

(3) Wanneer die Nasionale Kommissaris en die Nasionale Hoof van die Direktoraat nie kan ooreenkom op begroting van inkomste en uitgawe van die Direktoraat nie, moet die Minister tussen die twee partye bemiddel.

(4) Die Nasionale Kommissaris, as die rekenpligtige beampte van die Diens, moet, behoudens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), en subartikel (2)—

*(a)* belas word met die verantwoordelikheid om rekenskap te gee vir Staatsgelde wat ontvang is of uitbetaal is aan of op rekening van die Direktoraat;

*(b)* die Nasionale Hoof van die Direktoraat betrek by alle oorlegplegings oor die begroting van inkomste en uitgawe van die Direktoraat, met inbegrip van enige oorleg met die Nasionale Tesourie betreffende die inkomste en uitgawe van die Direktoraat;

*(c)* die nodige rekenpligtigheids- en ander rekords laat hou; en

*(d)* toesien dat die jaarverslag oor die prestasie van die Direktoraat as 'n afsonderlike program in die jaarverslag van die Diens ingesluit word.

(5) Gelde deur die Parlement bewillig vir die doel in subartikel (1) beoog—

*(a)* word geag spesifiek en uitsluitlik vir daardie doel bewillig te wees; en

*(b)* kan slegs vir daardie doel gebruik word.

(6) Die Nasionale Hoof van die Direktoraat het beheer oor die gelde deur die Parlement bewillig in subartikel (1) beoog ten opsigte van die uitgawe van die Direktoraat.".

**Wysiging van artikel 17I van Wet 68 van 1995, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 57 van 2008**

**13.** Artikel 17I van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (1), (2) en (3) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

"(1) Die President moet vir doeleindes van subartikels (2) en (3) 'n Ministeriële Komitee aanwys wat moet insluit—

*(a)* ten minste die Ministers **[vir]** van—

(i) **[Veiligheid en Sekuriteit]** Polisie;

(ii) Finansies;

(iii) Binnelandse Sake;

(iv) **[Intelligensie]** Staatsveiligheid; en

(v) Justisie en Staatkundige Ontwikkeling; **[sowel as]**

*(b)* enige ander Minister wat van tyd tot tyd deur die President aangewys word.

(2) Die Ministeriële Komitee kan**[**—

***(a)* beleidsriglyne ten opsigte van die funksionering van die Direktoraat bepaal;**

***(b)* beleidsriglyne vir die selektering van nasionale prioriteitsmisdade deur die Hoof van die Direktoraat kragtens artikel 17D(1)*(a)* bepaal;**

***(c)* beleidsriglyne vir die verwysing na die Direktoraat deur die Nasionale Kommissaris van enige misdryf of kategorie misdrywe vir ondersoek deur die Direktoraat kragtens artikel 17D(1)*(b)* bepaal;**

***(d)*]** prosedures bepaal om die aktiwiteite van die Direktoraat en ander relevante Staatsdepartemente of -instellings te koördineer.

(3) *(a)* Die Ministeriële Komitee **[moet toesig uitoefen oor die funksionering van die Direktoraat en]** moet so gereeld as wat nodig is vergader**[, maar nie minder as vier keer per jaar nie]** en doen verslag aan die Parlement oor sy aktiwiteite as deel van die jaarverslag van die Direktoraat.

*(aA)* Die Ministeriële Komitee moet te eniger tyd, wanneer so versoek, aan die Parlement verslag doen.

**[*(b)* Die Nasionale Kommissaris en die Hoof van die Direktoraat moet, op versoek van die Ministeriële Komitee, prestasie- en- implementeringsverslae aan die Ministeriële Komitee voorlê.]**".

**Amendment of section 17J of Act 68 of 1995, as inserted by section 3 of Act 57 of 2008**

**14.** Section 17J of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1)*(a)* for subparagraphs (i) and (ii) of the following subparagraphs:

"(i) the National **[Commissioner]** Head of the Directorate, as chairperson;

(ii) the Deputy National Head of the Directorate, as deputy chairperson;";

*(b)* by the insertion in subsection (1)*(a)* of the following subparagraphs after subparagraph (ii):

"(iiA) a Deputy National Commissioner of the South African Police Service designated by the National Commissioner;

(iiB) the Head of the Crime Intelligence Division of the South African Police Service;";

*(c)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* An official at the **[rank]** level of at least **[an Assistant Commissioner or]** a Chief Director may be designated on a permanent basis to represent any official mentioned above if he or she is not available: Provided that the official listed in paragraph *(a)* may also attend.";

*(d)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* review, monitor and facilitate the support and assistance of the respective Government departments or institutions to the Directorate as well as secondments to the Directorate, and address problems which arise regarding such support and assistance; and"; and

*(e)* by the deletion in subsection (2) of paragraphs *(b)* and *(c)*.

**Amendment of section 17K of Act 68 of 1995, as inserted by section 3 of Act 57 of 2008**

**15.** Section 17K of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The National Commissioner shall include in the annual report to Parliament in terms of section **[55]**40*(d)* of the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), a report in respect of the **[activities]** performance of the Directorate compiled by the National Head of the Directorate as a separate programme.".

*(b)* by the insertion of the following subsections:

"(2A) The budget report to Parliament shall include a full breakdown of the specific and exclusive budget of the Directorate.

(2B) The National Head of the Directorate shall make a presentation to Parliament on the budget of the Directorate.";

*(c)* by the deletion of subsection (3);

*(d)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) The Minister shall—

*(a)* determine, with the concurrence of Parliament—

(i) policy guidelines for the selection of national priority offences by the National Head of the Directorate referred to in section 17D(1)*(a)*;

(ii) policy guidelines for the referral to the Directorate by the National Commissioner of any offence or category of offences for investigation by the Directorate referred to in section 17D(1)*(b)*;

*(b)* submit to Parliament any policy guidelines referred to in this section **[17I(2)*(a)*, *(b)* and *(c)*]** for **[approval]** concurrence.";

*(e)* by the deletion of subsections (5) and (6); and

**Wysiging van artikel 17J van Wet 68 van 1995, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 57 van 2008**

**14.** Artikel 17J van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1)*(a)* subparagraaf (i) en (ii) deur die volgende subparagrawe te vervang:

"(i) die Nasionale **[Kommissaris]** Hoof van die Direktoraat, as voorsitter;

(ii) die **[Hoof]** Adjunk Nasionale Hoof van die Direktoraat, as adjunkvoorsitter;";

*(b)* deur in subartikel (1)*(a)* die volgende subparagrawe na subparagraaf (ii) in te voeg:

"(iiA) 'n Adjunk Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens deur die Nasionale Kommissaris aangewys;

(iiB) die Hoof van die Misdaadintelligensie-afdeling van die Suid-Afrikaanse Polisiediens;";

*(c)* deur in subartikel (1) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* 'n Beampte met die rang van ten minste 'n **[Assistent-Kommissaris of]** Hoofdirekteur mag op 'n permanente grondslag aangewys word om enige beampte hierbo genoem te verteenwoordig indien hy of sy nie beskikbaar is nie: Met dien verstande dat die beampte in paragraaf *(a)* gelys dit ook mag bywoon.";

*(d)* deur in subartikel (2) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* die ondersteuning en bystand van die onderskeie Staatsdepartemente of -instellings aan die Direktoraat sowel as sekonderings aan die Direktoraat hersien, moniteer en fasiliteer, en probleme wat in verband met sodanige ondersteuning en bystand ontstaan, hanteer; en"; en

*(e)* deur paragrawe *(b)* en *(c)* te skrap.

**Wysiging van artikel 17K van Wet 68 van 1995, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 57 van 2008**

**15.** Artikel 17K van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Nasionale Kommissaris moet in die jaarverslag aan die Parlement kragtens artikel **[55]**40*(d)* van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), 'n verslag ten opsigte van die **[aktiwiteite]** prestasie van die Direktoraat, opgestel deur die Nasionale Hoof van die Direktoraat as 'n afsonderlike program, insluit.";

*(b)* deur die volgende subartikels in te voeg:

"(2A) Die begrotingsverslag aan die Parlement moet 'n volledige uiteensetting van die spesifieke en eksklusiewe begroting van die Direktoraat insluit.

(2B) Die Nasionale Hoof van die Direktoraat moet 'n voorlegging aan die Parlement doen oor die begroting van die Direktoraat.";

*(c)* deur subartikel (3) te skrap;

*(d)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Die Minister moet—

*(a)* met die instemming van die Parlement—

(i) beleidsriglyne deur die Nasionale Hoof van die Direktoraat bepaal vir die kies van nasionale prioriteitsmisdade in artikel 17D(1)*(a)* bedoel;

(ii) beleidsriglyne bepaal vir verwysing na die Direktoraat deur die Nasionale Kommissaris van enige misdaad of kategorie misdade in artikel 17D(1)*(b)* bedoel vir ondersoek deur die Direktoraat;

*(b)* enige beleidsriglyne bedoel in hierdie artikel **[17I(2)*(a)*, *(b)* en *(c)*]** vir **[goedkeuring]** instemming aan die Parlement voorlê.";

*(e)* deur subartikels (5) en (6) te skrap; en

(f) by the addition of the following subsections:

"(7) The first policy guidelines issued under this Act shall be tabled in Parliament not later than six months after the commencement of the South African Police Service Amendment Act, 2012.

(8) Any changes to the policy guidelines referred to in subsection (4) shall be submitted to Parliament for consideration and approval for implementation.

(9) The Minister shall report to Parliament on the appointment of the National Head of the Directorate.".

**Amendment of section 17L of Act 68 of 1995, as inserted by section 3 of Act 57 of 2008**

**16.** Section 17L of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (7) for the following subsection:

"(7) The retired judge may request and obtain information from the National Director of Public Prosecutions in so far as it may be necessary for the judge to conduct an investigation**[: Provided that the National Director of Public Prosecutions may on reasonable grounds refuse to accede to such request]**.";

(b) by the insertion of the following subsection:

"(7A) The retired judge may request information from any member of the Service for purposes of any investigation by that judge and the refusal to comply with such a request shall be a criminal offence for which a person, upon conviction, may be sentenced to a fine or imprisonment or to both a fine and imprisonment of two years."; and

(c) by the addition of the following subsections:

"(13) An annual operational budget shall be prepared by the Secretary in consultation with the retired judge and provided for under the budget for the Secretariat for the specific and exclusive use of the official duties of the retired judge and may not be used for any other purpose.

(14) Subsection (11) shall not be construed to inhibit the retired judge to investigate any matter which relates to an ongoing investigation.

(15) The Secretary, in consultation with the retired judge, shall develop and implement a plan to promote awareness amongst the public and members of the Directorate on the functions and role of the complaints mechanism.

(16) Any interference with the retired judge in the performance of his or her functions and duties shall be a criminal offence for which a person upon conviction may be sentenced to a fine or imprisonment of two years or to both such fine or imprisonment.".

**Amendment of section 27 of Act 68 of 1995**

**17.** Section 27 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Subject to Chapter 6A and subsection (2), the filling of any post in the Service, whether by appointment, promotion or transfer, shall be done in accordance with **[section 212(4) of the Constitution]** this Act.".

**Amendment of section 28 of Act 68 of 1995**

**18.** Section 28 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The National Commissioner shall determine a uniform recruitment procedure for the Service and the National Head of the Directorate shall determine a uniform recruitment procedure for the Directorate for Priority Crime Investigation.".

(f) deur die volgende subartikels by te voeg:

"(7) Die eerste beleidsriglyne kragtens hierdie Wet uitgereik moet nie later nie as ses maande na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 2012, in die Parlement ter tafel gelê word.

(8) Enige veranderings aan die beleidsriglyne in subartikel (4) bedoel, moet aan die Parlement voorgelê word vir oorweging en goedkeuring vir toepassing.

(9) Die Minister moet aan die Parlement rapporteer oor die aanstelling van die Nasionale Hoof van die Direktoraat.".

**Wysiging van artikel 17L van Wet 68 van 1995, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 57 van 2008**

**16.** Artikel 17L van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

"(7) Die afgetrede regter mag inligting van die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings versoek en verkry vir so ver dit nodig mag wees vir die regter om 'n ondersoek te doen**[: Met dien verstande dat die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings op redelike gronde mag weier om aan so 'n versoek gehoor te gee]**.";

*(b)* deur die volgende subartikel in te voeg:

"(7A) Die afgetrede regter kan inligting van enige lid van die Diens versoek vir doeleindes van enige ondersoek deur daardie regter en die weiering om aan so 'n versoek te voldoen is 'n misdaad waarvoor 'n persoon, by skuldigbevinding, tot 'n boete of gevangenisstraf of tot beide 'n boete en gevangenisstraf van twee jaar gevonnis kan word."; en

*(c)* deur die volgende subartikels by te voeg:

"(13) Die Sekretaris moet 'n jaarlikse operasionele begroting voorberei in oorleg met die afgetrede regter en voorsiening maak in die begroting vir die Sekretariaat vir die spesifieke en eksklusiewe gebruik in die amptelike pligte van die afgetrede regter, en dit mag nie vir enige ander doel gebruik word nie.

(14) Subartikel (11) word nie vertolk dat dit die afgetrede regter verhinder om enige aangeleentheid te ondersoek wat met 'n voortgesette ondersoek verband hou nie.

(15) Die Sekretaris, in oorleg met die afgetrede regter, moet 'n plan ontwikkel en dit instel om bewustheid onder die publiek en lede van die Direktoraat te bevorder oor die werksaamhede en rol van die klagtemeganisme.

(16) Enige inmenging met die afgetrede regter in die uitvoering van sy of haar werksaamhede en pligte is 'n misdaad waarvoor 'n persoon by skuldigbevinding tot 'n boete of gevangenisstraf van twee jaar of tot beide sodanige boete of gevangenisstraf gevonnis kan word.".

**Wysiging van artikel 27 van Wet 68 van 1995**

**17.** Artikel 27 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Behoudens Hoofstuk 6A en subartikel (2), word die vulling van enige pos in die Diens, hetsy by wyse van aanstelling, bevordering of verplasing, in ooreenstemming met **[artikel 212(4) van die Grondwet]** hierdie Wet gedoen.".

**Wysiging van artikel 28 van Wet 68 van 1995**

**18.** Artikel 28 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die Nasionale Kommissaris bepaal 'n eenvormige werwingsprosedure vir die Diens en die Nasionale Hoof van die Direktoraat bepaal 'n eenvormige werwingsprosedure vir die Direktoraat van Prioriteitsmisdaadondersoek.".

**Transitional arrangements**

**19.** (1) The commencement of the South African Police Service Amendment Act, 2012 (in this section referred to as the Amendment Act), does not affect the validity of any investigation or prosecution conducted, pending or under investigation by the Directorate on or before the commencement of this section.

(2) As from the date of commencement of the Amendment Act, the post of the National Head of the Directorate, Deputy National Head of the Directorate and Provincial Head of the Directorate shall be filled in accordance with section 17CA of the Act as inserted by this Amendment Act, but the current incumbents of the respective posts will continue to hold office until the respective posts are filled in terms of section 17CA.

(3) As from the date of the commencement of this section, but subject to subsection (2) —

*(a)* any person who immediately before that date held the office of a member of the South African Police Service in the Directorate, remains in the Directorate; and

*(b)* the administrative and support personnel in the employ of the Directorate immediately before that date, remain in the employ of the Directorate.

(4) An employee may be transferred to the Directorate only with his or her consent.

(5) As from the date of commencement of the Amendment Act, and despite any law to the contrary, the budget for the performance of the functions of the retired judge, appointed in terms of section 17L(1)*(a)* of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995), shall be transferred to the Secretariat to be managed by the Secretary specifically and exclusively for that purpose and may not be used for any other purpose.

**Amendment of Preamble to Act 68 of 1995**

**20.** The Preamble to the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"**WHEREAS [section 214 of]** the Constitution of the Republic of South Africa, **[1993 (Act 200 of 1993)]** 1996, requires national legislation to provide for the establishment, powers and functions **[and regulation]** of **[a]** the South African Police Service **[which shall be structured at both national and provincial levels and shall function under the direction of the national government as well as the various provincial governments]** to function in accordance with national policing policy and the directions of the Cabinet member responsible for policing;

**[AND] WHEREAS** there is a need to provide a police service throughout the national territory to—"; and

*(b)* by the insertion after paragraph *(e)* of the following:

"**AND WHEREAS** there is a need to provide for a Directorate in the Service that is dedicated to the prevention, investigation and combating of national priority offences, in particular serious organised and transnational crime, serious commercial crime and serious corruption, and that enjoys adequate independence to enable it to perform its functions".

**Repeal and amendment of laws**

**21.** The laws mentioned in the Schedule are repealed or amended to the extent set out in the third column.

**Short title and commencement**

**22.** This Act shall be called the South African Police Service Amendment Act, 2012, and comes into operation on a date determined by the President by proclamation in the *Gazette*.

**Oorgangsbepalings**

**19.** (1) Die inwerkingtreding van die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 2012 (in hierdie artikel die Wysigingswet genoem), het geen uitwerking op die geldigheid van enige ondersoek of vervolging uitgevoer, hangende of onder ondersoek deur die Direktoraat op of voor die inwerkingtreding van hierdie artikel nie.

(2) Vanaf die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet, moet die pos van die Nasionale Hoof van die Direktoraat, Adjunk Nasionale Hoof van die Direktoraat en Provinsiale Hoof van die Direktoraat ooreenkomstig artikel 17CA van die Wet, soos deur hierdie Wysigingswet ingevoeg, gevul word, maar die huidige bekleërs van die onderskeie poste gaan voort om die poste te beklee totdat die onderskeie poste ingevolge artikel 17CA gevul is.

(3) Vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie artikel, maar behoudens subartikel (2)—

*(a)* bly enige persoon wat onmiddellik voor daardie datum die amp van 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens in die Direktoraat beklee het, in die Direktoraat; en

*(b)* bly die administratiewe en ondersteuningspersoneel wat net voor daardie datum in diens van die Direktoraat is, in diens van die Direktoraat.

(4) 'n Werknemer mag slegs met sy of haar instemming na die Direktoraat oorgeplaas word.

(5) Vanaf die inwerkingtredingsdatum van die Wysigingswet, en ondanks enige andersluidende wet, word die begroting vir die verrigting van die werksaamhede van die afgetrede regter, aangestel ingevolge artikel 17L(1)*(a)* van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995), oorgedra aan die Sekretariaat om spesifiek en uitsluitlik vir daardie doel deur die Sekretaris bestuur te word, en mag dit nie vir enige ander doel gebruik word nie.

**Wysiging van Aanhef tot Wet 68 van 1995**

**20.** Die Aanhef tot die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"**AANGESIEN [artikel 214 van]** die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, **[1993 (Wet No. 200 van 1993)]** 1996, nasionale wetgewing vereis om voorsiening te maak vir die instelling **[en regulering]**, bevoegdhede en werksaamhede van **['n]** die Suid-Afrikaanse Polisiediens **[wat op sowel nasionale as provinsiale vlakke gestruktureer is en wat onder gesag van sowel die nasionale regering as die onderskeie provinsiale regerings funksioneer]** om ooreenkomstig nasionale polisiëringsbeleid en die voorskrifte van die Kabinetslid verantwoordelik vir polisiëring te funksioneer;

**[EN] AANGESIEN** daar 'n behoefte bestaan om 'n polisiediens reg deur die nasionale grondgebied te voorsien om—"; en

*(b)* deur die volgende na paragraaf *(e)* in te voeg:

"**EN AANGESIEN** daar 'n behoefte is dat voorsiening gemaak word vir 'n Direktoraat in die Diens wat toegewy is aan die voorkoming, ondersoek en bestryding van nasionale prioriteitsmisdade, in die besonder ernstige georganiseerde en transnasionale misdaad, ernstige handelsmisdaad en ernstige korrupsie, en wat voldoende onafhanklikheid geniet om hom in staat te stel om sy werksaamhede te verrig".

**Herroeping en wysiging van wette**

**21.** Die Wette in die Bylae genoem word herroep of gewysig tot die mate in die derde kolom uiteengesit.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**22.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 2012, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

# SCHEDULE

## LAWS AMENDED OR REPEALED
*(Section 21)*

| Act No. and Year | Title | Extent of amendment or repeal |
|---|---|---|
| Act No. 200 of 1993 | Constitution of the Republic of South Africa | 1. Section 218(1) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1993, is hereby amended by the substitution for paragraph *(h)* of subsection (1) of the following paragraph:<br>"*(h)* subject to Chapter 6A of the South African Police Service Act, 1995 (Act No.68 of 1995), the recruitment, appointment, promotion and transfer of all members of the Service;". |
| 1996 | Constitution of the Republic of South Africa | 2.Repeal of item 1*(c)* of Annexure D of Schedule 6 to the Constitution. |
| Act No. 12 of 2004 | Prevention and Combating of Corrupt Activities Act | 1. Section 34 of the Prevention and Combating of Corrupt Activities Act, 2004 is hereby amended—<br>*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:<br>"(1) Any person who holds a position of authority and who knows or ought reasonably to have known or suspected that any other person has committed—<br>*(a)* an offence under Part 1, 2, 3 or 4, or section 20 or 21 (in so far as it relates to the aforementioned offences) of Chapter 2; or<br>*(b)* the offence of theft, fraud, extortion, forgery or uttering a forged document,<br>involving an amount of R100 000 or more, must report such knowledge or suspicion or cause such knowledge or suspicion to be reported to **[any]** the police official in the Directorate for Priority Crime Investigation referred to in section 17C of the South African Police Service Act, 1995, (Act No. 68 of 1995)."; and<br>*(b)* by the substitution for paragraphs *(a)* and *(b)* of subsection (3) of the following paragraphs:<br>"*(a)* Upon receipt of a report referred to in subsection (1), the police official concerned must take down the report in the manner directed by the National **[Commissioner]** Head of the Directorate for Priority Crime Investigation, appointed in terms of section 17C(2)*(a)* of the South African Police Service Act, 1995, (Act No. 68 of 1995), and forthwith provide the person who made the report with an acknowledgment of receipt of such report.<br>*(b)* The National **[Commissioner]** Head of the Directorate for Priority Crime Investigation, must within three months of the commencement of **[this Act]** the South African Police Service Amendment Act, 2012, publish the directions contemplated in paragraph *(a)* in the *Gazette*, during which period any existing notice issued in terms of the Act shall remain in force.". |

# BYLAE

## WETTE GEWYSIG OF HERROEP
*(Artikel 21)*

| Wet No. en Jaar | Titel | Omvang van wysiging of herroeping |
|---|---|---|
| Wet No. 200 van 1993 | Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika | 1. Artikel 218(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993, word hierby gewysig deur paragraaf *(h)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:<br>"*(h)* behoudens Hoofstuk 6A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995), die werwing, aanstelling, bevordering en oorplasing van alle lede van die Diens;". |
| 1996 | Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika | 1. Herroeping van item 1*(c)* van Aanhangsel D tot Bylae 6 tot die Grondwet. |
| Wet No. 12 van 2004 | Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede | 2. Artikel 34 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004, word hierby gewysig—<br>*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:<br>"(1) Enigiemand wat 'n gesagsposisie beklee en wat weet of redelikerwys behoort te geweet of vermoed het dat enigiemand anders—<br>*(a)* 'n misdryf kragtens Deel 1, 2, 3 of 4, of artikel 20 of 21 (vir sover dit betrekking het op voornoemde misdrywe) van Hoofstuk 2; of<br>*(b)* die misdryf diefstal, bedrog, afpersing, vervalsing of uitgifte van 'n vervalste dokument,<br>waarby 'n bedrag van R100 000 of meer betrokke is, gepleeg het, moet sodanige kennis of vermoede aan **[enige]** die polisiebeampte in die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek bedoel in artikel 17C van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995), rapporteer of dit laat rapporteer."; en<br>*(b)* deur in subartikel (3) paragrawe *(a)* en *(b)* deur die volgende paragrawe te vervang:<br>"*(a)* By ontvangs van 'n rapport bedoel in subartikel (1), moet die betrokke polisiebeampte die rapport afneem op die wyse deur die Nasionale **[Kommissaris]** Hoof van die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoeke, ingevolge artikel 17C(2)*(a)* van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995), aangestel, beveel, en die persoon wat die rapport gedoen het onverwyld van 'n ontvangserkenning van sodanige rapport voorsien.<br>*(b)* Die Nasionale **[Kommissaris]** Hoof van die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek, moet binne drie maande na die inwerkingtreding van **[hierdie Wet]** die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 2012, die bevele beoog in paragraaf *(a)* in die *Staatskoerant* publiseer, en tydens hierdie tydperk bly enige bestaande kennisgewing ingevolge die Wet uitgereik van krag.". |